# Die implikasies van die Handves van Menseregte op die pastorale versorging van die homoseksueel

**Charlene Nagel en T F J Dreyer**
**Departement Praktiese Teologie (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**Implications of the Bill of Human Rights for the counceling of homosexuals in the church**
*Section 8 of the Bill of Human Rigths places the problem surrounding homosexuality on the doorstep of the church. The Bill clearly gives more recognition to the homosexual than in the the past and gives him or her equal standing within society. The Bill implies that the homosexual has the freedom and right to practise his or her sexual preference within a normal society, and this right is protected by law. From a Reformed perspective homosexuality has been deemed unacceptable, in accordance with biblical guidelines, and as therefore not being acceptable within a relationship between the believer and God. Therefore it was naturally considered a duty of the church to council the homosexual towards change. Taking this into account, appårently the view of the church is in conflict with the Bill of Human Rights. Thus the church has to review its responsibility and duty toward the homosexual in order to play an effective and responsible role in a new society.*

## 1. INLEIDING

In die verlede was die debat in kerklike kringe rondom die Handves van menseregte veral gerig op die vraag of die opstel van so 'n handves Skriftuurlik regverdigbaar is (*Die Hervormer* [Anon 1989:4], *Die Kerkblad* [Anon 1989:7-8], *In die Skriflig* (Van Wyk 1987:31-39; Du Toit 1991:439-456). Binne die Handves self is daar egter ook sake wat die kerk direk kan raak en bepaalde implikasies vir die funksionering van die kerk kan inhou. Een van hierdie sake is vervat in Artikel 8(2) van die Handves van menseregte (hoofstuk 3 van die Grondwet) wat soos volg lui:

---

* Hierdie artikel is gebaseer op 'n skripsie, ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die BD-graad (1995), Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr T F J Dreyer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Daar mag teen niemand onbillik gediskrimineer word nie, hetsy direk of indirek, en, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van hierdie bepaling, in die besonder op een of meer van die volgende gronde: ras, geslagtelikheid, geslag, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur of taal.
>
> (Grondwet 1993:1212)

Die saak wat die kerk hier baie direk raak is dat daar nie teenoor iemand gediskrimineer mag word op grond van sy seksuele oriëntering nie. In hierdie artikel gee die Handves baie duidelik groter erkenning as in die verlede aan die homoseksueel. Dit gee aan die homoseksueel gelyke beregtiging binne die samelewing. Dit impliseer dat die homoseksueel die vryheid en reg het om seksuele voorkeur binne 'n gewone samelewing te beoefen en hierdie reg word dan deur wetgewing beskerm. Binne die gereformeerde kerklike samelewing was dit egter voorheen algemeen aanvaar dat homoseksualiteit volgens Bybelse riglyne onaanvaarbaar is vir die gelowige se verhouding met God. Daarom was dit dan ook as vanselfsprekend aanvaar dat die kerk 'n pastorale verantwoordelikheid het om die homoseksueel tot verandering te begelei. Skynbaar is die kerk se beskouing in stryd met die van die Handves. Daarom kan die kerk nie anders as om opnuut weer oor die plig en verantwoordelikheid van die kerk teenoor die homoseksuele lidmaat verantwoording te doen om sodoende 'n verantwoordelike pastorale optrede binne 'n nuwe samelewing aan te bied nie.

Die kerk moet op die hoogte wees van die implikasies wat die Handves inhou ten opsigte van die pastorale versorging van die homoseksueel en moet daarom verskeie sake in ag neem. In die eerste plek sal daar oorweeg moet word wat in die Handves gestel word as fundering van 'n mensereg. Tweedens moet daar gekyk word na wat aanleiding gegee het tot die klemverskuiwing ten opsigte van homoseksualiteit in die samelewing. Verder kan die Handves by baie gelowiges die indruk skep dat die beoefening van homoseksualiteit nie meer 'n sonde is nie. Die kerk wat die lidmaat pastoraal moet versorg het dus die plig om weer die kerklike standpunt in oënskou te neem en dit opnuut vir die lidmaat te verwoord. In die lig van hierdie standpunt moet daar dan vasgestel word watter regsimplikasies die Handves vir die kerk inhou. Wat die pastorale versorging opsigself betref, is dit noodsaaklik om die sielkunde in ag te neem omdat dit wil blyk asof die hoofstrome in die sielkunde van mening is dat homoseksualiteit onomkeerbaar is. Die hipotese van die studie is dat die poging van die kerk om die homoseksuele lidmaat tot verandering te begelei moontlik as diskriminasie beskou kan word as dit blyk dat verandering nie moontlik is nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In 'n poging om bogenoemde gegewens in 'n moontlike nuwe praktykteorie vir die pastoraat te verwerk, sal die metodologiese model van Zerfass (Heyns & Pieterse 1990: 27, 38-39) in hoofsaak gevolg word. In die eerste gedeelte van die ondersoek word gepoog om vanuit die teologiese tradisie en die Skrif, bestaande teologiese teorieë in verband met homoseksualiteit op 'n deduktiewe wyse te identifiseer en te beskryf. Empiriese gegewens wat die huidige praxis analities beskryf, sal vervolgens gesistematiseer word. Daarna sal gepoog word om die teologiese teorieë en die bestaande praxis in wisselwerking te stel om tot 'n moontlike nuwe praktykteorie te kom.

## 2. DIE KERK VOOR 'N UITDAGING

Waarom 'n nuwe teorie? Waarom is dit nodig dat die kerk opnuut weer standpunt inneem ten opsigte van homoseksualiteit net omdat die Handves dit as 'n basiese mensereg aanvaar het? Die antwoord op hierdie vraag is nie so eenvoudig soos dit op die oog af mag lyk nie. Aan die eenkant verg dit 'n teoretiese begronding, met ander woorde waarom moet 'n nuwe teorie gevorm word as die Christelike kerke oor die algemeen vir eeue lank reeds standpunt daaroor ingeneem het. Aan die anderkant verg dit 'n meer praktiese antwoord in die sin dat daar gekyk moet word wat in die praktyk daartoe aanleiding gegee het dat die vraag weer ter sprake gekom het. Wat die eerste deel van die antwoord betref, kan gesê word dat 'n nuwe teorie onnodig is. Juis die feit dat die Christelike kerke vir bykans tweeduisend jaar die standpunt gehuldig het dat homoseksuele handelinge volgens Bybelse riglyne wel 'n sonde is, is genoeg bewys daarvan dat dit wel die geval is. So 'n antwoord sou egter onverantwoordelik wees. Hoewel die tradisie vir die kerk riglyne kan bied, kan dit nooit verhef word tot die norm waarop die Christen gelowige se lewe geskoei kan word nie. Slegs die Skrif waarin God Homself openbaar, kan hierop antwoord gee.

Ten spyte van die ouderdom van die vroeë standpunt, kan dit nooit beslissend wees nie omdat die kerk oor al die eeue heen verkeerd kon wees (Douma 1984:40). Wat die meer praktiese deel van die antwoord betref is dit nie net een enkele artikel in die Handves nie, maar 'n hele veranderende samelewing wat die kerk dwing om opnuut oor die saak te besin. In die sewentiger jare het 'n gay kultuur onstaan (Humphreys & Miller 1980:142) wat so vir hulle regte geveg het dat homoseksualiteit nie meer vandag die sosiale taboe is wat dit vroeër was nie. Vandag word die kultuur al hoe meer gepropageer as 'n moreel aanvaarbare seksuele alternatief naas heteroseksualiteit (Gangel 1978:ix; vgl ook Babuscio 1976:5). Vandag sit ons dan ook uiteindelik met die situasie dat die regte van die homoseksueel beskerm word as daar in die Handves vir menseregte in artikel 8 bepaal word dat daar nie gediskrimineer mag word ten opsigte van 'n persoon se seksuele oriëntering nie. Dit is onvermydelik dat so 'n bepaling, wat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoogtepunt van hierdie verandering in die samelewing is, sekere implikasies vir die kerk inhou. Myns insiens is die volgende implikasies van die belangrikstes wat die kerk in ag sal moet neem:

* Dit bevraagteken die kerk se teologiese teorie omtrent homoseksualiteit. 'n Mensereg beliggaam universele waardes wat deur die internasionale reg erken word, maar ook deur die morele, wetlike en politieke beginsels van die internasionale gemeenskap aanvaar word (Van der Westhuizen 1993:4-5). As homoseksualiteit dan as 'n mensereg beskerm word, is die kerk se standpunt sonder twyfel onder verdenking.

* Dit bevraagteken die kerk se pastorale ingesteldheid jeens die homoseksueel. As 'n mens die reg het om homoseksualiteit te beoefen, wat gee die kerk nog die reg om die homoseksuele lidmaat onder pastorale sorg te plaas. Veral Bepaling 108(2)(b) van die Wet en Bepalings van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1993:54), waarin daar bepaal word dat opsig verby gegaan kan word en tug direk toegepas kan word as 'n aanstootlike sonde gepleeg is, kan vir die kerk ernstige gevolge inhou in die lig van die Handves. Verder beskou die hoofstrome in die sielkunde vandag nie meer homoseksualiteit as abnormale gedrag nie en daarom kan berading van die kerk se kant beskou word as diskriminasie.

## 3. VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE OP HOMOSEKSUALITEIT

### 3.1 Is homoseksualiteit nog sonde?

Miskien klink bogenoemde vraag 'n bietjie vreemd. Moes die vraag nie eerder gelui het of homoseksualiteit 'n sonde is of nie? Die vraag sou natuurlik so geformuleer kon word. As 'n mens egter begin ondersoek instel na die vraag of homoseksualiteit 'n sonde is of nie, kom 'n mens gou agter dat 'n antwoord nie so duidelik afgegrens kan word soos 'n mens dit graag sou wou hê nie. Een van die vrae waarmee die navorser feitlik onmiddellik gekonfronteer word, is: wat is sonde? Vanselfsprekend sal die gelowige lidmaat op die Bybel 'n beroep kan doen om aan te dui wat sonde is en wat nie. Die dilemma waarmee ons egter vandag te doen het, is dat baie van die dinge wat in die Bybel 'n sonde was, tydgebonde, rituele en reinheidsuitsprake is wat sonder twyfel nie meer vandag as 'n sonde beskou kan word nie (vgl byvoorbeeld die voorskrifte in Levitikus oor voedsel [11:10-11 & 17:10] en kleding [19:19] wat vandag nie meer deur Christene as sonde beskou word nie).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat die saak nog verder bemoeilik, is die feit dat daar selfs onder teoloë en kerke nie meer vandag eenstemmigheid heers of homoseksualiteit nog 'n sonde is of nie. So het die *Church of England's Board for Social Responsibility* 'n verslag gepubliseer waarin dit gestel word dat daar wel omstandighede is waar dit regverdigbaar is dat 'n individu 'n homoseksuele verhouding mag aanknoop (Green, Holloway & Watson 1980:9-10). Daar bestaan ook vandag verskeie Christelike gay bewegings soos die *Gay Christian Movement* in Engeland en die *Christelike Sisteem Forum van Suid-Afrika*. Daar het ook reeds kerke vir gay lidmate tot stand gekom soos die *Gay Christian Bond* en die *Reformerende Gemeentes van Gelykes in Christus*. Douma (1984:35) is dus heeltemal reg as hy sê dat die situasie so verander het dat iemand wat nog die ou afwyssende standpunt wil verdedig, baie goed moet besef wat so 'n standpunt inhou.

### 3.2 Teorieë te gunste van homoseksualiteit

Die verhaal van Sodom en Gomorra (Gen 19:1-28) is seker die mees klassieke voorbeeld wat gebruik word om vanuit die Bybel teen homoseksualiteit te velde te trek. Diegene wat homoseksualiteit propageer, meen egter dat hierdie argument nie water hou nie. Babuscio (1976:83) sê dat hierdie verhaal van kardinale belang is vir die Westerse regskodes wat betrekking het op homoseksualiteit. Die kode van Justinus is die eerste wat verwys het na 'the most reprehensible vices and ... crimes contrary to nature ... [which] incur the just anger of God, and bring about the destruction of cities along with their inhabitants'. Dit is hierdie kode wat as model gebruik is deur regsstudente te Bologna toe die Romeinse reg in die elfde eeu in Europa herlewe het. Dit is daarom die voorvader van 'n regstradisie wat negehonderd jaar terug dateer.

Ten spyte hiervan is die verhaal van Sodom en Gomorra veel eerder die produk van volksvertellings en legendes as van historiese feite. Dit is immers dieselfde storie wat vertel van 'n vrou wat in 'n soutpilaar verander is en mans wat deur engele met blindheid geslaan is. Verder word daar ook vertel van vulkaniese uitbarstings in 'n deel van die wêreld waar vulkaniese aktiwiteit nooit opgeteken is nie. Ou Testamentiese skrywers soos Jesaja, Esegiël, Amos en Sefanja verwys nooit na homoseksualiteit as hulle Sodom vermeld nie. Esegiël interpreteer dan ook die twee stede se sonde as ydelheid en verwaarlosing van die armes.

White (1995:20), hoewel hy nie 'n uitspraak maak vir of teen homoseksualiteit nie, wys met sy interpretasie van Genesis 19 ook daarop dat Sodom en Gomorra se wesenlike sonde nie homoseksualiteit was nie. Dit gaan hier veral oor die skending van die reg wat 'n gasheer het om sy gaste te beskerm. In die eerste plek was daar niemand by die stadspoorte om die besoekers te ontvang en onderdak aan te bied nie. Dit was 'n plig wat in die Ooste baie hoog aangeslaan was. Hulle het die reg nog verder geskend



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deur Lot se gaste nie met rus te laat nie. Dit was die plig van die gasheer om die tyd te spesifiseer waarop sy gaste moes vertrek. Daardeur het hy hulle die versekering gegee dat hulle nie gevange gehou sal word nie. Die oortreding wat die Sodomiete dus begaan het, is een van betreding met seksuele aanranding as 'n mindere oortreding.

Die gegewens in Levitikus is aan die ander kant baie meer duidelik: 'Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde' (Lev 18:22); 'Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.' (Lev 20:13). Babuscio (1976:840) sê egter dat daar onthou moet word dat hierdie verse binne 'n komplekse reeks val waarin verskeie dinge verbied word. As 'n mens dan bogenoemde verse steeds op vandag van toepassing maak, moet dit ook gedoen word met die verse wat handel oor kos en klere: 'Maar enige ding wat in die water lewe en nie vinne en skubbe het nie, is vir julle verbode. Hulle is vir julle verbode en julle mag glad nie van dié diere eet of selfs raak aan een wat dood is nie' (Lev 11:10-11). Dieselfde beginsel geld vir die straf op owerspel. In die Ou Testament is hierdie sonde met die dood gestraf, maar vandag geld dit nie meer nie. Dit is 'n straf wat betrekking het op heteroseksuele verhoudings en daarom word dit nie meer toegepas nie, maar dan word dié wat betrekking het op homoseksuele verhoudings steeds behou (Babuscio 1976:84).

White (1995:21) sê ook verder dat dit in Levitikus oor veel meer gaan as blote wetgewing. Die doel van Levitikus 18-20 is om Israel as heilige nasie teen die heidene af te grens en kulties rein te hou. Deur homoseksualiteit te verbied, word daar gesê dat dit 'n heidense gebruik is en deur dit te beoefen sou beteken om Israel met heidense gebruike te verontreinig.

Pretorius (1992:158-160) wat self 'n gay predikant is, gebruik ter ondersteuning van sy standpunt die argument dat die besonderse liefde wat daar tussen Dawid en Jonatan bestaan het, nie net bloot vriendskaplike liefde was nie, maar liefde vir dieselfde geslag. 'n Liefde wat vir Dawid 'selfs wonderliker as sy liefde vir 'n vrou' was. I Samuel 20:41 '... Hulle (Dawid en Jonatan) het mekaar gesoen en saam gehuil totdat Dawid baie ontroerd geword het. Jonatan het vir Dawid gesê: Die Here is vir altyd daarvan getuie tussen ons en tussen ons twee se nageslagte'. II Samuel 1:26: '... toe Jonatan gesterf het, het Dawid gesê: Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou'.

Pretorius meen ook verder dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die Noag-Gam verhaal en die Egiptiese epog *The Contendings of Horus and Seth*. In die Bybelse weergawe van hierdie verhaal is die gay seksdaad tussen Noag en Gam gerieflikheidshalwe volgens hom uitgelaat.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In die Nuwe Testament is daar veral twee verse in die Pauliniese briewe wat klaarblyklik homoseksualtiteit verwerp: 'Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte .... Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar ... en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit'. (Rom 1:26-27) '... Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen ... sal deel kry aan die koninkryk van God nie' (1 Kor 6:9-10).

Babuscio (1976:85-86) meen dat hierdie twee uitsprake oor homoseksualteit Paulus se Joodse agtergrond direk weerspieël en moet dus in daardie konteks verstaan word. In nie een van die twee verse hanteer hy die moraliteit van homoseksualiteit as 'n menslike toestand nie. Hy verwys eerder na die afwyking van die godsdienstige gebruike wat van die Joodse gosdiens so 'n sterk godsdiens gemaak het wat die invloede van die vreemde godsdienste kon weerstaan het. Hierdie twee verse moet dus geïnterpreteer word as 'n Christelike reaksie teen die liederlike seksuele gedrag van die Hellenistiese wêreld wat aan afgodery grens.

Vir Paulus was alle seksuele gedrag onder verdenking. Homoseksualiteit was maar net een aspek van die algemene veroordeling van enige seksuele aktiwiteit wat nie vir die mens nodig is nie. Daarom was die ideale Christelike gemeenskap vir Paulus een waarin alle mans vrygeselle was wat hulle van seksuele verkeer weerhou het (Babuscio 1976:85-86).

White (1995:23) se interpretasie ondersteun Babuscio se standpunt. Die boodskap van Romeine gaan nie oor moraliteit nie, maar oor geloof en die verskil tussen 'n lewe in Christus en 'n lewe buite Christus. Dit gaan hier spesifiek oor die eer van God en is gerig teen die heidene wat sonder eer is omdat hulle nie in God glo nie. Die wat sonder eer is, tree skandelik op en hulle het geen beheer oor hulle liggame nie.

### 3.3 Homoseksualiteit is wel 'n sonde

Wat die verhaal van Sodom en Gomorra betref, sê Gangel (1978:37-39) en Coleman (1989:43-44) dat argeologiese opgrawings wel aantoon dat daar in die omgewing waar Sodom vermoedelik was, tekens van aardbewings was. Daar is swaelkluite gevind en tekens van asfalt en olie. Die kombinasie van laasgenoemde twee dui ook op die teenwoordigheid van hoogs ontvlambare gasse. Presies hoe en wanneer die vernietiging van Sodom plaasgevind het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Die enigste beskikbare gegewens is wat ons uit die verhaal self kan aflei (Coleman 1989:43). Sommige meen dat 'n weerligstraal of een of ander God-geïnisieerde middel die gasse laat ontvlam en die stad letterlik opgeblaas het. Die natuurlike wyse waarop die vernietiging moontlik geskied het, ontken egter nie goddelike ingrype nie, aangesien God op enige manier soos Hy wil te werk kan gaan om sy oordeel te voltrek (Gangel 1978:39).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die argument dat die woord *jadah* in die verhaal nie 'n seksuele konotasie insluit nie, word deur verskeie navorsers verwerp. Die inwoners van Sodom wou nie net Lot se gaste 'ken' om vas te stel of hulle Sodom vyandig gesind was of nie. Die woord *jadah* dui baie duidelik op seksuele intensies. As hulle nie seksuele intensies gehad het nie sou Lot nie sy dogters vir hulle aangebied het nie. As Lot dan ook sê dat sy dogters nog nie mans 'ken' nie, word die woord *jadah* ook gebruik. Hoewel die woord meer kere gebruik word in die sin van verstandelike 'ken', bepaal die hoeveelheid kere wat 'n woord op 'n sekere manier gebruik word nie die betekenis daarvan nie, maar veel eerder die konteks waarbinne die woord staan. Hulle het dus wel die reg van die gasheer oortree deur by Lot aan te dring om sy gaste aan hulle oor te lewer, maar daardeur het hulle doelbewuste seksuele intensies gehad (Botha 1986:36; Coleman 1989:45-46; Gangel 1978:41-44 en Green et al 1980:22).

Die sonde van Sodom kan wel nie sonder meer gelykgestel word aan homoseksualiteit soos ons dit vandag ken nie. Die verdorwenheid van Sodom was nie net seksueel van aard nie. Hulle homoseksualiteit het deel gevorm van 'n totale degenerasie van die inwoners waar hulle hulle eie menslike behoeftes en begeertes die norm gemaak het (Botha 1986:36-37 en Van Zyl 1985:13-14). Hoewel homoseksualiteit dus net een van Sodom se oortredings was, was dit 'n baie defnitiewe oortreding en Sodom is veral onthou vir sy homoseksualteit (Coleman 1989:46 en Green et al 1980:73).

Die verwysings in Levitikus is ook nie net suiwer kulties van aard in die sin dat dit 'n verbod inhou op die deelname aan die heidense kultusse van die Kanaäniete nie (Botha 1986:39 en Gangel 1978:58). Die volgende argumente word as bewys hiervan aangevoer:

* Levitikus 18:21-23 is nie noodwendig 'n losstaande kultiese groepering nie. Verse 6-22 het almal met seksuele oortredings te doen (Botha 1986:39).

* Daar is geen afwysing van die heteroseksuele kultiese prostitusie nie, soos 'n mens sou verwag indien kultiese afgrensing die primêre doel voor oë was (Botha 1986: 39).

* Homoseksuele praktyke was nie ooral in die Oud-Midde Ooste geduld nie. Veral die Midde Assiriërs, die Egiptenare en die Hettiete het swaar strawwe op die beoefening daarvan gelê. Homoseksualiteit was ook nie noodwendig deel van die kultus of godsdienstige gebruik nie, maar was 'n kenmerk van die sosiale lewe in die algemeen (Botha 1986:40 en Green et al 1980:77-78).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat die Nuwe Testamentiese getuies betref is daar verskeie eksponente wat die verwysing in Romeine en Korintiërs as 'n veroordeling van homoseksualiteit sien. Dit is wel nie die veroordeling van homoseksualiteit as 'n los verskynsel nie, maar 'n veroordeling daarvan omdat dit die verhouding waarin die gelowige met God moet staan skade berokken. Green (1980:82-84) en Van Zyl (1985:17-18) verduidelik dit soos volg: Paulus redeneer dat homoseksuele gedrag die gevolg is van God se oordeel oor die sonde van die mense. Dit gaan dus nie hier oor die veroordeling van die beoefening van homoseksualiteit opsigself nie, maar oor die verwerping van God. God se oordeel kan dikwels daarin gesien word dat die sondaar heeltemal aan die sonde oorgegee word. Paulus is dus meer geïntereseerd in die oorspronklike oorsaak as in die gevolg of die simptoom. Wanneer 'n mens nie in die regte vehouding met God staan nie, gee dit aanleiding tot algehele sedelike verval. Dit gaan dus nie vir Paulus daaroor of homoseksualiteit kulties reg of verkeerd is nie, maar of die geslagsdaad in ooreenstemming is met wat God daarmee beoog het. Homoseksualiteit word hier saam met ander sondes genoem en die hoofsaak daarvan is dat dit alles deur God veroordeel word. Homoseksualiteit opsigself word dus nie veroordeel nie, maar binne die kader van die verhouding waarin die mens met God moet staan, staan dit ongetwyfeld onder die oordeel van God.

### 3.4 'n Nuwe Bybels-teologiese perspektief

Dit wil voorkom asof die aanhaal van teksverse uit die Bybel as vir- en teenargumente vir die saak, 'n mens by 'n dooiepunt gaan uitbring. Die dilemma is dat eksponente van beide argumente juis die Skrif as norm gebruik. Om bloot teksverse aan te haal, gee net 'n toutrekkery af van 'is' en 'is nie'. In 'n nuwe praktykteorie sal die saak vanuit 'n ander hoek benader moet word. Daar sal myns insiens na die hele boodskap van die Bybel gekyk moet word om was te stel of homoseksualiteit vir die gelowige aanvaarbaar kan wees al dan nie, in die verhouding van die gelowige met God. Die Skrif is nie 'n handboek wat ongenuanseerd aangehaal kan word nie. Die boodskap van die Skrif handel oor die wese van God en sy doel en bestemming vir die mens; oor sy verhouding met die mens en uit hierdie verhouding ook mense se verhouding met mekaar. Dit is dan in hierdie lig wat homoseksualiteit beoordeel moet word; met ander woorde of dit in ooreenstemming is met die bedoeling van God met die mens.

Die mens is volgens die Skrif in die eerste plek na die beeld van God geskape. Dit het niks te doen met fisiese hoedanighede nie, maar as beeld van God moet die mens iets van die wese van God in sy daaglikse lewe weerspieël. Hoewel God die Gans Andere is en ons nooit die wese van God in sy totaliteit sal kan bepaal nie, het Hy Homself tog in die Skrif geopenbaar as 'n God wat sy bestaanswyse vind in 'n ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

houding. Hierdie verhouding is in die eerste plek 'n verhouding tot Homself as die Drie-enige, maar ook 'n verhouding met sy skepping waarvan Hy die Onderhouer is (Botha 1986:24). Omdat die mens as beelddraer geskep is, is die mens geroep om ook 'n mens-in-verhouding te wees. In die eerste plek staan die mens in 'n vertikale verhouding met God en in die tweede plek in 'n horisontale verhouding met die medemens. Omdat die verhouding met God voorop staan, is dit bepalend vir die mens se verhouding met die medemens. In Genesis 1:27 word die mens wat na God se beeld geskape is verder gekwalifiseer as man en vrou. Die beeld van God kom in die mens dus tot volle uitdrukking in die tweeheid van man en vrou en nie bloot net in die mens as onpersoonlike wese nie. Die eerste vorm van 'n verhouding tussen mens en medemens is daarom tussen man en vrou (Botha 1986:24-25; Green et al 1980:19).

Die seksuele en geslagtelike betrekking wat man en vrou op mekaar het, is ook nie net 'n blote toevalligheid nie, maar is skeppingsmatig bepaal. As beeld van God is man en vrou gelykwaardig, maar in hierdie gelykwaardigheid is daar 'n onderskeid. As mens is hulle gelykwaardig, maar geslagtelik is hulle verskillend. Juis die verskil in die geslagte maak hulle betreklik op mekaar. Die man is alleen man in vergelyking met die vrou en die vrou is alleen vrou in vergelyking met die man. Die een geslag is inkompleet omdat die ander geslag iets is en het wat die man of vrou nie het nie. Die ervaring van inkompleetheid en alleenheid word nie opgehef wanneer 'n mens bloot 'n menslike metgesel vind nie, maar dit word eers werklik opgehef wanneer 'n metgesel van die teenoorgestelde geslag gevind word. God het nie vir die man 'n man as metgesel geskep nie, maar die vrou, want alleen die vrou kon die man se alleenheid ophef. Alleen man en vrou kan mekaar dus aanvul en 'n volmaakte eenheid vorm (Botha 1986:26; Green et al 1980:20).

Dit is in die lig van bogenoemde dat die kerk vandag nog kan sê dat homoseksualiteit wel 'n sonde is. Dit is 'n miskenning en verbreking van die mens as beeld van God. Om homoseksualiteit te beoefen, is 'n verenging van die verhoudings waarvoor God ons bestem het. Die verhouding tussen man en vrou is, soos reeds gesê, 'n weerspieëling van die verhouding wat ons met God het. Dit is ook om die doel waartoe God die mens bestem het, te verwerp. Dit moet egter onthou word dat, hoewel dit 'n sonde is, daar nêrens in die Bybel na homoseksualiteit verwys word as 'n besondere soort sonde nie. Dit kan nie uitgesonder word bo ander sondes en bestempel word as 'n sonde wat nie vergewing verdien nie. Alle ander sondes plaas die mens ook buite die volmaakte verhouding waartoe God wil hê ons met Hom moet staan. Daarom kan homoseksualiteit nie uitgesonder word en die homoseksuele mens verwerp word omdat so 'n mens buite die vergewing van God staan nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 4. POSISIE VAN DIE KERK IN DIE LIG VAN DIE HANDVES

Van der Westhuizen (1993:4-5) sê dat 'n mensereg 'n eis is wat 'n individu of 'n groep individue teen hulle samelewing het, soos dit deur die regering verteenwoordig word of teen een of ander instelling in die samelewing of teen die heersende groep in die samelewing. Hierdie eise verteenwoordig hoofsaaklik die waardes van menslike waardigheid en die gelykheid van alle mense teenoor mekaar. Hierdie eise word dan ook internasionaal aanvaar deur morele, wetlike en politieke instellings en word ook internasionaal deur die wet beskerm. Hierdie regte is elke mens se geboortereg en is daarom onvervreembaar en inherent aan elke mens. Daarom is hierdie regte ook universeel. Menseregte beliggaam dus universele waardes waarvan die toepassing kan verskil na gelang van die kulturele en ekonomiese omstandighede van 'n bepaalde samelewing. Die saak waarom dit in die Handves van menseregte gaan, is menswaardigheid. Dit is om die mens tot reg en volle ontplooiing te laat kom, met ander woorde die handhawing van die mens as mens in alle moontlikhede (Du Tiot 1990:3; Van Wyk 1987:31).

Die menseregte wat in die konstitusie vervat is, is egter gegrond op 'n sekulêre menseregte model. Volgens hierdie model is die mens die hoogste norm en is daar niks wat bokant die mens kan funksioneer as finale sanksie en appèl in die regte van die mens nie. Elke individuele mens verteenwoordig self die finale grens en waarde. Geen mens is minder as 'n ander nie en hierdie fundamentele gelykheid en vryheidsposisie vorm die grondslag van alle geregtigheid (Du Toit 1990:9-10).

Met die Handves van menseregte opsigself het die meeste kerklike denominasies en organisasie vandag nie 'n probleem nie. Daar is grootliks eenstemmigheid dat, hoewel die mens nie op 'n vertikale basis enige regte voor God het nie, het elke mens op 'n horisontale basis die reg teenoor 'n medemens om die totale menswees voor God te kan uitleef (Du Toit 1990:2; Du Plessis 1986:11). Dit is egter wanneer dit kom by die begronding van wat hierdie regte is, dat daar 'n botsing is tussen die sekulêre modelle en dié van die kerk. Die mens as hoogste norm vir die vasstelling van bepaalde regte en waardes is heeltemal onaanvaarbaar vir die kerk. Alleen die Heilige Skrif as die Woord van God kan as die hoogste norm geld. 'n Mensereg sal in 'n kerklike model dus alleen geldig wees as dit in verantwoordelikheid voor God uitgeleef kan word. Reeds ten opsigte van die begronding van 'n mensereg is daar 'n botsing tussen die sekulêre model en 'n kerklik model. In die vorige afdeling het ek verduidelik dat homoseksualiteit deur die kerk steeds as 'n sonde beskou word en daarom nie verantwoordelike lewenswyse voor God kan wees nie. Daarom kan dit nie deur die kerk as 'n mensereg aanvaar word nie, terwyl dit in die Handves as 'n mensereg beskerm word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.1 Die implikasies van seksuele oriëntering as mensereg

Dit is duidelik dat wetgewing ten opsigte van homoseksualiteit besig is om te verander. Waar wetgewing vroeër vir die homoseksueel 'n vyand was, word dit vandag al hoe meer 'n bondgenoot vir die homoseksueel. Hoewel baie min homoseksuele vroeër krimineel onder die wet op seksuele misdrywe aangekla is, het hulle wel die etiket gekry dat hulle 'n geestelike afwyking het en hulle is dikwels na 'n psigiatriese kliniek verwys. Hierdie wetgewing het dus wel sekere gevolge vir die homoseksueel ingehou al is dit nie altyd toegepas nie. Aan die een kant het dit sterk ondersteuning gebied vir sanksies soos ongeskiktheid vir indiensneming en behuising. Aan die ander kant het dit ook ruimte gebied vir ander diskrimenerende handelinge wat nie onder die wet geval het nie (Slovenko 1980:197). Die feit dat die wet homoseksualiteit eerder as 'n geestelike afwyking of abnormaliteit bestempel het, het ook deurgesyfer na die kerk. Indien 'n homoseksuele lidmaat dit sou waag om vorendag te tree en vir hulp by die predikant aan te klop, is die homoseksueel behandel as 'n persoon met een of ander abnormale afwyking en nie soos ander lidmate as 'n mens in sondenood nie. Dit het ook dikwels verder as dit gegaan in die sin dat nie net die daad veroordeel was nie, maar ook die mens wat aan die daad skuldig is. Uitsprake van vooraanstaande figure het aanleiding gegee tot motorplakkers met die woorde: 'Kill 'n queer for Christ' (Slovenko 1980:199). Dit het die gevolg gehad dat die homoseksuele lidmate hulle seksuele oriëntering geheim gehou het of dat hulle heeltemal van die kerk weggedryf is. Dit het dus al hoe minder gebeur dat die kerk direk met die probleem gekonfronteer is.

Aangesien homoseksualiteit as mensereg aanvaar is, word die kerk vir die eerste keer werklik direk met die krisis van homoseksualiteit gekonfronteer. Nie net word daar 'n vraagteken geplaas bo die (dikwels onsimpatieke) wyse waarop pastorale versorging in die verlede toegepas is nie, maar ook of dit enigsins nog 'n plek in die kerk het. In die sielkunde word oor die algemeen aanvaar dat daar geen wetenskaplike bewyse daarvoor is dat 'n persoon se seksuele voorkeur aanleiding gee tot abnormale gedrag nie. Daarom is homoseksualiteit as sulks in 1973 van die lys van amptelike erkende psigiese versteurings (*Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*) verwyder (Theron 1989:334; Slovenko 1980:196). Vanweë hulle standpunt dat homoseksualiteit nie abnormaal is nie, meen baie navorsers dat dit oneties is om die homoseksueel se seksuele oriëntasie te verander. Aangesien dit as 'n mensereg aanvaar word, dui dit ook daarop dat dit bloot gesien word as 'n alternatief op heteroseksualiteit en daarom is dit net so aanvaarbaar.

Hiermee word die probleem van die regte van die homoseksueel tot binne die mure van die kerk gebring. Hierdie beskerming van die reg van die homoseksueel hou ongetwyfeld bepaalde gevolge vir die kerk in. In die eerste plek word daar nou ruimte gebied vir die homoseksuele lidmaat om tot die bediening toe te tree. Artikel 8 (1) bepaal dat alle mense gelyk is voor die wet. Op grond van hierdie artikel sal dit dus


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

baie moeilik vir die kerk wees om 'n homoseksuele lidmaat te weier as so 'n persoon tot die bediening wil toetree. So 'n stap kan egter weer die gevolg hê dat die kerk se lidmate in twee kampe verdeel word of dat die kerk selfs heelwat lidmate kan verloor. Vir sommige lidmate sal dit moontlik aanvaarbaar wees dat 'n homoseksueel tot die bediening toetree, maar vir ander sal dit 'n ernstige lewenskrisis skep. So het 'n lidmaat van 'n groot kerk byvoorbeeld gesê: 'If the General Assembly votes to say homosexual acts can be good and such persons can be ordained, I'll have lost my spiritual home' (Kirk 1978:13).

'n Verdere gevolg is dat die homoseksuele lidmaat sou kon weier om beskikbaar te wees vir pastorale berading. Die Handves gee aan die homoseksueel die reg om te sê: 'my homoseksualiteit is goed en reg. Dit is nie 'n sonde nie. God het my so geskape en Hy aanvaar my soos ek is. Dit is heeltemal natuurlik en dit het tyd geword dat die kerk my aanvaar soos ek is en moet deelneem aan die stryd om te sê dat homoseksualiteit goed is' (Kirk 1978:14).

### 4.1 Die reg van die kerk

Wat is dan die reg van die kerk? Het die kerk wat homoseksualiteit nog as sonde beskou enige wetlike gronde om op te staan om aan die eenkant die homoseksuele lidmaat pastoraal te versorg en aan die ander kant 'n homoseksuele lidmaat te weier om as 'n bedienaar van die Woord georden te word? Dit wil voorkom asof die kerk nie heeltemal hopeloos in so situasie sal wees nie. Godsdienstige oortuigings en gebruike word beskou as histories prototipies en in meer as een opsig, paradigmaties van konsensieuse oortuigings en manifistasies. Daarom moet dit ook beskerm word (Cachalia 1994:51). Artikel 14 (1) bepaal dan die volgende: 'Elke persoon het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie, ....' (Grondwet 1993:1214).

Uit hierdie artikel wil dit blyk dat die kerk die vryheid en die reg het om eie waardes en normes te beoefen en toe te pas en dit binne 'n eie stelsel te beskerm. Hierdie artikel verhoed ook die staat om enige minderheidsgroep te dwing tot 'n teenstellende geloof as die groep se eie (Cachalia 1994:50). Verder bepaal artikel 14 (3):

> Niks in hierdie Hoofstuk belet wetgewing wat erkenning verleen aan:
>
> * 'n stelsel van persone- en familiereg wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdiens aanhang nie; en
>
> * die geldigheid van huwelike wat kragtens 'n stelsel van godsdiensreg behoudens gespesifiseerde prosedures aangegaan is nie.
>
> (Grondwet 1993:1214)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie artikel verskans 'n sisteem van keuse van persoonlike godsdienstige wette. Gevolglik wil dit voorkom asof die voorsiening wat gemaak is vir gelykheid nie konstitusioneel ver genoeg sal reik om godsienstige voorskrifte wat moontlik diskrimineer op grond van geslag, as onkonstitisioneel te ag nie (Cachalia 1994:52). Die kerk sou dus op grond van artikel 14 (3) die reg hê om 'n homoseksuele lidmaat te weier om tot die bediening toe te tree as dit in stryd is met die godsdienstige voorskrifte van die kerk.

### 4.2 Implementering van die Handves — Belange-afweging

Die feit dat die reg van die kerk om eie oortuigings en gebruike te hê, ook deur die Handves beskerm word, beteken nie dat die kerk vrygespreek is van enige regsimplikasies rakende die homoseksueel nie. Daar moet onthou word dat nie net die kerk se regte beskerm word nie, maar ook dié van die homoseksueel. Die homoseksuele lidmaat het volgens die Handves dus die reg van toevlug tot die Konstitisionele hof indien die homoseksueel nie met die kerk saamstem nie.

Dit sou 'n baie moeilike situasie wees indien 'n homoseksuele lidmaat voel dat die kerk teenoor hom of haar diskrimineer en gevolglik toevlug tot die Konstitusionele hof neem. Wat die uitslag in so 'n saak sou wees, kan hoegenaamd nie vooraf bepaal word nie. In die eerste plek word die regte van beide partye beskerm al is die twee in konflik met mekaar (Van der Wetsthuizen 1993:49-51); die een geniet nie voorkeur bo die ander nie. In die proses van besluitneming sal die Bybel geen rol te speel hê nie aangesien geen geloof bepalend mag wees in 'n saak van openbare kontrovers nie (Cachalia 1994:50). In die tweede plek funksioneer die Konstitisionele hof op so 'n wyse dat die weegskaal na enige kant toe kan kantel. Menseregte word gekoppel aan die konsep van demokrasie. Dit behels gelyktydige maksimum beskerming aan die groep of gemeenskap sowel as die individu (Van der Westhuizen 1993:3).

Wat 'n politieke sisteem betref, beteken dit demokratiese besluitneming deur die meerderheid (Van der Westhuizen 1993:3). Wanneer daar besluit word oor 'n mensereg is dit dus nie net die belang van die individu wat in ag geneem word nie, maar die belang van die hele samelewing en gemeenskap (Craemer 1995:63). Dit beteken nie dat die kerk die saak sal wen omdat dit 'n geloofsgemeenskap verteenwoordig nie. Soos reeds vroeër in hierdie artikel aangetoon is, wen die homoseksueel al hoe meer veld in die samelewing as 'n geheel. Omdat die homoseksuele individu al hoe meer ondersteun word deur die samelewing in die algemeen kan die weegskaal net sowel na die kant van die homoseksueel toe kantel.

Die regters in die Konstitusionele hof moet noodwendig steun op die argumente en inligting wat die advokate wat voor hulle verskyn aan die hof bied (Van der Westhuizen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1993:51). Die uitslag van die saak is dus onderworpe aan die wysheid en eie oordeel van die betrokke regters. Wanneer die kerk dus gekonfronteer word met 'n situasie waar 'n homosekseule lidmaat tot die bediening wil toetree of pastorale versorging weier, moet die kerk die aangeleentheid met verantwoordelikheid en sensitiwiteit benader. Die kerk se hantering van so 'n geval moet so wees dat daar so min as moontlik beskuldigende vingers na die kerk gewys kan word wat die kerk se saak kan benadeel.

## 5. 'N NUWE PRAKTYKTEORIE

In die lig van bogenoemde gegewens, is dit duidelik dat die Handves die krisis van homoseksualiteit op die voorstoep van die kerk kom lê het. Vir die eerste keer word die kerk nou direk met die probleem gekonfronteer. Die kerk se hele benadering tot die probleem tot dusver word bevraagteken. Omdat homoseksualiteit al hoe meer in die samelewing aanvaar word en selfs nie meer in sommige kerke veroordeel word nie, staan die kerk wat dit steeds as sonde beskou se hele teologiese teorie onder verdenking. Daarmee saam sal die praktiese toepassing van hierdie teorie in die pastorale versorging ook kritiek uitlok, veral van die kant van die sielkunde. Die belangrikste implikasie wat die Handves dus vir die kerk inhou is om in die eerste plek die praktykteorie ten opsigte van die pastorale versorging van die homoseksuele lidmaat, weer in oënskou te neem. Die probleme wat hier ter tafel gelê is, is te konkreet en aktueel vir die kerk om dit te ignoreer.

### 5.1 Aan God verantwoordelik

In die vorming van 'n nuwe praktykteorie lê die kerk se verantwoordelikheid nie in die eerste plek daarin om aan die bepalings van die Handves te voldoen nie, maar allereers om aan God gehoorsaam te wees. Die kerk is wel daar om die mens in sondenood te dien, maar hierdie diens moet gestalte kry in diens aan God. Daarom sal die Skrif vir die kerk as norm geld in die vorming van 'n teologiese teorie. Ons kan egter nie 'n paar versies hier en daar aanhaal wat na ons mening pas by 'n bepaalde situasie nie. Die hele Skrif is bepalend vir ons verhouding met God.

Soos reeds vroeër in hierdie studiestuk aangetoon is, is daar nie ruimte vir homoseksualiteit binne die verhouding met God nie. Daarom kan die kerk nie anders as om homoseksualiteit steeds as sonde te bestempel nie. Die Skrif is egter nie net die norm wat die kerk kan gebruik om vir die lidmate aan te toon hoe hulle moet lewe nie, maar dit is net soveel van toepassing op die funksionering van die kerk self. Nêrens in die Bybel vind ons enige aanduiding dat homoseksualiteit 'n onvergeeflike sonde is nie. Die homoseksuele lidmaat staan dus nie buite Christus se verlossing nie. Die homoseksueel is daarom nie sondaar nie, maar medesondaar. Dit is hier waar die kerk in die beskuldigde bank staan. Hoewel die kerk miskien altyd van die standpunt af uitgegaan het dat die homoseksueel medesondaar is, is dit 'n standpunt wat bitter selde hardop


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

uitgespreek is. Die funksionering van die kerk in die praktyk het hierdie standpunt heeltemal oorskadu. Die oorheersende indruk wat 'n mens van die kerk kry ten opsigte van homoseksualiteit is een van afsku en veroordeling. Dit is ook die ervaring van meeste homoseksuele Christene. So skryf 'n meisie van sestien jaar:

> ... I am as certain as I can be that I am 'n lesbian. I am not happy about this because I know that in the eyes of God I am a sinner ... does this mean that I will go to hell ... Please give me the answers to these questions, because there is no one else to whom I dare to turn for help .... You are the first person I have ever told anything ....'
>
> (Babuscio 1976:75).

In 'n onderhoud wat Babuscio (1976:75-76) met 'n groep van twaalf homoseksuele gevoer het waarvan tien Christene en twee Jode was, het dit geblyk dat nie een van hulle enige vorm van ondersteuning van hulle geloof ontvang het nie. Kirk (1978:14) skryf ook: 'Homosexuals have been a part of the chuch in the past because they, like heterosexuals, have needed and sought God's mercy and help. They have not always seen God's grace in people ....' Sulke beskuldigings is nie net leë woorde nie, maar dit het hierdie mense in hulle diepste menswees geraak. Juis die gemeenskap wie se wese dit is om 'n medemens te dien en te help, het hulle die rug gekeer. Dit laat die kerk nie net skuldig staan voor 'n Handves van menseregte nie, maar veral voor die reg van God. In 'n nuwe praktykteorie moet daar dus by die kerk 'n nuwe ingesteldheid kom. Om in verantwoordelikheid voor God te leef moet die kerk daadwerklik in die praktyk toon dat dit bereid is om die homoseksuele lidmaat as medesondaar te ontvang. Die lidmaat moet versorg word as 'n mens met sondenood vir wie daar ook ruimte is onder die verlossing van Christus en nie as iemand wat net veroordeel moet word nie.

Aan die ander kant sal die kerk daarteen moet waak om nie toe te gee aan die eise en standaarde van mense nie. Die gevaar bestaan altyd dat hoe meer homoseksualiteit in die samelewing self aanvaar word, dit kan deursypel na die kerk toe en ook binne die kerk aanvaar kan word. So het die Algemene Vergadering van die United Presbyterian Church voorgestel dat homoseksualiteit nie alleen reg kan wees nie, maar dat die homoseksuele lidmaat ook in die bediening georden kan word (Kirk 1978:16).

Die kerk kan ook nie, slegs om lidmate te behou, aan mense se gevoelens konformeer nie. So eis 'gay bevryders' byvoorbeeld:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Don't talk to us about accepting us as persons but not accepting our homosexuality as good. We can't live with that any longer. We've already suffered more than you can ever realize. If you will not accept our homosexuality, then you are the enemy.
>
> (Kirk 1978:16)

Die kerk moet sensiwiteit toon vir hierdie mense se gevoelens, maar kan nie aan hulle vereistes voldoen bloot om hulle in die kerk te akkommodeer nie. Verder, wat die pastorale versorging opsigself betref, kan die kerk 'n oop oor hê vir teorieë vanuit die sielkunde, maar weer eens kan dit nie die norm wees nie. Slegs in die geval van 'n homoseksueel wat 'n ernstige krisis het met seksuele oriëntering, kan daar gepoog word om so 'n persoon tot verandering te begelei. Selfs dan is die moontlikheid van verandering baie gering. Die homoseksueel moet daarom eerder begelei word om homoseksualiteit te aanvaar en binne 'n homosekseule samelewing in te pas. So 'n teorie kan egter nie binne die praktykteorie van die kerk opgeneem word nie. Die sielkunde raak so dikwels verstrengel in die opstel van teorieë dat die mens en die mens se nood vergeet word. Die kerk werk nie met menslike teorieë nie, maar met die beloftes en opdragte in die Skrif. Aan die een kant het ons as gelowiges die opdrag dat ons nie in die sonde mag volhard nie, daarom het die kerk die verantwoordelikheid om die lidmaat wat met die sonde worstel, pastoraal te versorg. Aan die ander kant het ons die belofte dat God ons nie alleen laat met ons sondenood nie. God die Heilige Gees is altyd by ons teenwoordig en staan ons by in ons stryd teen die sonde. Daarom kan ons sê dat die pastorale gesprek nooit 'n tweegesprek is tussen twee mense nie, maar altyd 'n driegesprek waarin die Gees ook werksaam is. Wat dus volgens menslike teorieë 'n onmoontlikheid is, word deur die kragvolle werking van die Gees 'n moontlikheid. Die kerk kan nie argeloos wees teenoor die Handves van menseregte nie. Die kerk is in hierdie wêreld en daarom geld die ordereëlings van hierdie wêreld ook vir die kerk. Die kerk se verantwoordelikheid lê egter eerste by God en daarom is norme wat die Skrif daarstel bepalend vir die kerk waar die Skrif en die Handves in konflik is met mekaar. In hierdie verantwoordelikheid voor God is dit die taak van die kerk om die homoseksuele lidmaat met liefde pastoraal te versorg en tot verandering te begelei, al is dit moontlik in stryd met die Handves. Dit eis ook van die kerk om in elke situasie waar die Kerk met homoseksualiteit gekonfronteer word, die homoseksueel met sensitiwiteit en verantwoordelikheid te benader. Daardeur word enige konflik met die gereg, wat moontlik mag voortspruit uit so 'n situasie, tot die minimum beperk. Sodoende sorg die kerk dat ruimte om die Woord van God te verkondig, en om lidmate — ook die homoseksueel — tot diens te wees, nie ingekort word nie. Deur op so 'n wyse verantwoordelik op te tree, dien die kerk ook die eer en heerlikheid wat God toekom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Literatuurverwysings


Anon. 1989. Handves vir menseregte onnodig en gevaarlik. *Die Hervormer* September 1989, bl 4.

Anon. 1989. Handves vir mensregte — is dit verantwoord? *Die Kerkblad* September 1989, bl 7 en 8.

Babuscio, J 1976. *We speak for ourselves: Experiences in homosexual counselling.* Philadelphia: Fortress Press.

Botha, A H 1986. *Homoseksualiteit: Wat sê die kerk?* Pretoria.

Cachalia, A et al 1994. *Fundamental rights in the New Constitution: An overview of the New Constitution and a commentary on chapter 3 on fundamental rights.* Johannesburg: Juta

Coleman, P 1989. *Gay Christians: A moral dilemma.* London: SCM.

Craemer, K 1995. Fighting crime does not mean an end to human rights. *Enginering News* 2 Junie 1995, p 63.

Du Plessis, L M 1986. Filosofiese perspektief op 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika, in Van der Westhuizen, J (red), 'n Menseregtehandves vir Suid-Afrika: Verrigtinge van 'n simposium gehou by die Universiteit van Pretoria op 1 en 2 Mei 1986, 8-27. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Douma, J 1984. *Homofilie.* Kampen: Uitgeverij van den Berg. (Ethische Bezinning 9)

Du Toit, D A 1990. 'n Christelike beskouing van menseregte. *In die Skriflig* 25, 439-456.

Gangel, K O 1978. *The gospel and the gay.* New York: Thomas Nelson.

Green, M, Holloway, D & Watson, D 1980. *The Church an homosexuality: A positive answer to current questions.* London: Hodder and Stoughton.

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie.* Pretoria: Gonosis.

Humphreys, L & Miller, B 1980. Identities in the emerging gay culture, in *Marmor* 1980:142-156.

Kirk, J R 1978. *The homosexual crisis in the mainline church: A Presbyterian minister speaks out.* New York: Thomas Nelson.

Marmor, J (ed) 1980. *Homosexual behavior: A modern reappraisal.* New York: Basic Books Publishers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1993. Wet en Bepalings van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Pretorius, H 1992. *Seksuele diskriminasie: Die gay hangkas: (Kleurlose apartheid).* Pretoria: Homofilos S A Uitgewers.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Slovenko, R 1980. Homosexuality and the law: From condemnation to celebration, in *Marmor* 1980:194-218.

Suid-Afrika. Grondwet van Suid-Afrika, No 200 van 1993. Pretoria: Staatsdrukkers.

Theron, A 1989. Seksuele versteurings, in Louw, D A (red), *Handboek van abnormale gedrag,* 303-340. 2de uitg. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Van der Westhuizen, J 1993. *Introductory notes on South African human rights law.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, J H 1987. Etiek en menseregte. *In die Skriflig* 21, 31- 39.

Van Zyl, D M 1985. Pastoraat aan die homoseksuele mens. Ongepubliseerde BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

White, L J 1995. Does the Bible speak about gays or same-sex-orientation? A test case in biblical ethics, Part I. *BTB* 25, 14-23.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services